2025

# DIE KOORD

UNIVERSITEITSOORD

MEI

NO. 710



**“Ons is Paasmense en ons lied ‘n Halleluja!”**

‘n Vorige Pous, Johannes Paulus II, het met hierdie bekende woorde amper 40 jaar terug Christene aangemoedig. Dit was – interessant genoeg – nie in Paastyd nie, maar by ‘n diens laat in 1986; die jaar van die *Challenger*-ongeluk, die *Chernobyl*-ramp … die wêreld was deurmekaar (en ‘n noodtoestand in Suid-Afrika). Die Pous het toe gesê ons moenie die pyn, armoede, onreg en sonde afmaak nie, maar ons het ook ‘n ander storie om te vertel! Die Paasgebeure en die opstanding van die Here Jesus, gee ons ‘n nuwe lied.

Dit is die oproep van Psalm 148:11-13
*…konings van die aarde, alle volke,*
*vorste, alle regeerders van die aarde,*
*jong manne en meisies,*
*grysaards saam met seuns!*
*Laat hulle die Naam van die Here prys,*
*want sý Naam alleen is hoog verhewe,*
*sy majesteit strek oor die aarde en oor die hemel.*

Kom ons sing ook hierdie Halleluja!

Ds Arno Meiring

# PREEKBEURTE

## 11 MEI
**Oggend:**
Arno Meiring
Teeskink Wyk: 103 & 104

**Aand:**
Anuschka Smit

## 18 MEI
**Oggend:**
Ds Rehan Rheeders
Teeskink: Wyk 105 & 107

**Aand:**
Christian Oberholzer

## 25 MEI
**Oggend:**
Christian Oberholzer
Teeskink: Wyk 114 & 108

**Aand:**
Christian Oberholzer

## 1 JUNIE
**Oggend:**
**Arno Meiring**
Teeskink: Wyk 109 & 110

**Aand:**
Arno Meiring

## PINKSTERSOP
**2-4 Junie: 11:00 & 19:00**
Maandag - Woensdag
Arno Meiring

## 8 JUNIE
**PINKSTERFEES**
**Oggend:**
Arno Meiring
Teeskink: Wyk 111 & 112

**Aand:**
Arno Meiring




Sy teenwoordigheid vul nou die ganse wêreld (Efesiërs 4:10).
Dit beteken Hy is met ons selfs by die plekke waar ons Hom nie kan sien nie. Hy is ook in die vuil plekke, die eensame plekke, die hartseer plekke, die moedelose plekke, die onveilige plekke. Dit is hoekom ons nie hartseer hoef te wees nie, want Jesus het sy plek op aarde verruil vir die hemel, sodat Hy op alle plekke gelyktydig kan wees. Ons nooi jou uit om Jesus se troonbestyging saam met al di **Opi Stoep gemeentes by Elim te vier op 29 Mei 2025 om 19:00!**







## ALLE INLIGTING & SKAKELS

# PAASFEES 2025

Opstanding 2025: 'n Refleksie

Dis kort na vyf. Die selfoon skree in my ore. Ek spring in die stort want sesuur wil ek graag die son sien opkom. Dis nog donker en die mis hang dik. Onbepland begin 'n nostalgiese reis...

Ek stop vir koffie. Agttien jaar terug was daar nog nie so vroeg in die oggend koffie te koop nie.

Ek ry spesiaal verby die kruis op die hoek waar ons dit Vrydag aan die einde van ons kruisstap, staan gemaak het. Die wynrooi lap van Vrydag is reeds met 'n witte vervang.

My gedagtes flits terug na 2007 toe ons een aand by die kerkraadsvergadering oor 'n groter klem op Paastyd gepraat het.

Hulle stem in dat ons in Groot Lydensweek elke aand in die kerk bymekaarkom om een van die Evangeliste se weergawe van die Lydensverhaal, kronologies te lees. Ons besluit om van Palmsondag af 'n groot kruis op die liturgiese ruimte staan te maak en dan die kruis op Goeie Vrydag deur die omgewing se strate te dra.

Toe ons oor die voorstel praat om die kruis vir die naweek op 'n prominente hoek te laat, is daar dadelik 'n hand op: "Hulle gaan die kruis en die lap steel om vuur te maak..."

Na die opmerking: *"As hulle in middernagtelike ure van herfs, hitte nodig het, dan het die kruis sy doel gedien"*, stem die kerkraad in.

Niemand het daardie jaar, of in die jare daarna die kruis of die lap gesteel nie. Verbygangers het wel soms blomme by die kruis neergesit...

Ek stop by die plek waar ons vir die son wag. Vir 'n oomblik wonder ek, want ek is alleen. My horlosie help my om te weet dat daar waarskynlik nog mense op pad is. Uiteindelik is ons tien.

Met twaalf het Jesus die geskiedenis onherroeplik verander! Bietjie later daag nog twee op...

Ons kyk met verwagting na die Ooste...

Terwyl ons nog staar, begin die Lig deurbreek. Stadig maar seker oorwin die strale van die son die mis en die donker van die nag. Die nuwe dag breek...

Ek ry daar weg met 'n lied in my hart.
In my binneste bruis 'n nuwe opgewondenheid oor die toekoms, oor ons land, oor die kerk, en die jong dominees wat moet help dat ons betekenisvolle spore sal trap...

Geskryf deur Ds Paul Grobler



# SONSOPKOMS & KRUISDRA

















# LYDENSMUSIEKAAND

Wat 'n besonderse geleentheid!
Die program het ons geneem op ’n musikale reis deur lyding en hoop, met ons orrel, Palissander Kamerkoor, tenoor en saksofoon.

Die program het werke insgesluit van komponiste soos Bach, Gounod, Bizet, Tučapský, Jenkins en Rutter in en die program strek van tradisionele gesange tot werke deur eietydse komponiste.

## MARTUSPROJEKTE

Maak 'n verskil

# HOUERS VOL HOOP

**MEDIUS WINTERPROJEK**





### RESEP

**1/2 Koppie Rys**
**1/2 Koppie Sopmengsel**
**1/2 Koppie Lensies**
**1 Blokkie Beesvleisaftreksel**
**1 Pakkie Soppoeier**
***Herhaal tot die bottel vol is**

**MAAK 'N BOTTEL VOL**

**LEWER AF VOOR 26 MEI**



## VAKANSIE-UITREIEKE









# GELOOFSGROEI

**Wat is Alpha?**
'n Kursus waar ons verskillende temas gaan bespreek soos wie Jesus is en was, hoe Hy homself aan ons kom openbaar het, ons gesels oor liefde en wat die ware betekenis daarvan is: rou, egte, onvoorwaardelike, opofferende liefde. Ons praat oor 'n verhouding met God, hoe so 'n verhouding lyk en die verandering wat dit in ons lewe bring.





**ALPHA**
**29 APRIL - 27 MEI**
**KURSUS**
**Dinsdae | 18:00**

**OOP VIR ALMAL**



Die hele groep kyk saam 'n video wat jou uitdaag met belangrike vrae en idees waarna ons dit in kleiner groepe om tafels bespreek.

Alpha
YOUTH

# BYBELSKOOL




Die Pentateug is die eerste vyf boeke van die Ou Testament in die Bybel. Penta is Grieks vir 5 en Teuchos is Grieks vir boek.

# STUDENTE PRET







## WAT SWOT JY? SOKKIE





# ORREL *Konsertreeks* 2025

NG UNIVERSITEITSOORD

| | |
|---|---|
| • **Augustus** | Rooi4 Orrelduo<br>*met Isabelle van Rensburg en Andrea Kayser-Mitas* |
| • **September** | Hentus van Rooyen |
| • **September** | Ciska Range |
| • **Oktober** | Albumvrystelling |
| • **November** | Kerskonsert<br>*met verskeie plaaslike orreliste en soliste* |

**Facebook : NG Universiteitsoord** **universiteitsoord.co.za/musiek-en-konserte**

## VERTONING BY UNIVERSITEITSOORD




NG UNIVERSITEITSOORD seatme.co.za

Met hierdie unieke uitvoering bring verhoogkunstenaar Nataniël, orrelis Zorada Temmingh en pianis Charl du Plessis hulde aan merkwaardige vroue, hul werk, nalatenskap en invloed.
Komponiste, skrywers, sangeresse, aktrises, ontwerpers asook tydlose karakters uit rolprente, literatuur, Bybelverhale, kuns en teater word almal besoek met musiek en Nataniël se gewildste en nuutste stories. Dié drie kunstenaars was alreeds saam op die verhoog met verskeie vertonings in Pretoria, Bloemfontein en Stellenbosch. In hierdie vertoning bring hulle **BOEK • BYBEL • BIOSKOOP** na NG Universiteitsoord vir slegs een aand! Jy wil dit nie misloop nie!

Navrae: Heleen Moulder (082-443-9272)

*https://www.seatme.co.za/tc-events/nataniel-boek-bybel-bioskoop/*

UNIVERSITEITSOORD



## MEER INLIGTING

*linktr.ee/universiteitsoord*

## KONTAK ONS

**Kerkkantoor:**
066 408 0909
kantoor@unio.co.za
**Maretha Minnaar**
Finansies & Admin
**Maryna Enslin**
Bemarking & Kommunikasie

**Koster & Besprekings:**
**Juan Ferreira**
084 588 4948
koster@unio.co.za

**Predikante:**
**Arno Meiring**
Tuisgemeente
082 807 4530
arno@unio.co.za

**Anuschka Smit**
Amicus - Dagstudente
072 599 0695
anuschka@unio.co.za

**Christian Oberholzer**
Meraki - Koshuisstudente
082 349 7317
christian@unio.co.za

**Alicia Bosman**
Gemeentejaarstudent
083 488 4641

## DIENSTYE

Sondae 09:30 & 19:00

## ADRES

Duxburyweg 105,
Hillcrest, Pretoria, 0083

## PREEKBEURTE

universiteitsoord.co.za
/dienste

## KALENDER

universiteitsoord.co.za
/nuus




*www.universiteitsoord.co.za/preekopnames*

## DANKOFFERS

NG Gemeente Universiteitsoord
ABSA
Tjekrekening
Takkode 632005
540 580 006

SnapScan

www.universiteitsoord.co.za